

Nuusbrief 204

14 Julie 2016



Beste lede,

SAWPA WEBTUISTE OPGEKNAP

Die SAWPA webtuiste www.sawpa.co.za het onlangs 'n totale hersiening ondergaan. Die nuwe webtuiste is esteties en funksioneel aangepas wat dit meer gebruikersvriendelik maak. Die gebruikersvriendelikheid geld vir die algemene besoekers asook bedryfbelanghebbendes, en vir SAWPA wanneer dit nodig is om onderhoud te doen en uitbreidings te maak. Die webtuiste bestaan uit 3 areas van toegang, afhangende van die behoefte van die besoeker, i.e. ABOUT SAWPA, GENERAL PUBLIC en SAWPA MEMBERS & INDUSTRY INFO.

As hooffokusareas spreek GENERAL PUBLIC tot alle gebruikers van behandeldehout en die wat graag meer wil weet oor houtverduursaming, hoe dit gemaak word, wat presies dit is, gebruike, waar om dit te kry, ens., terwyl die SAWPA MEMBER & INDUSTRY area spreek tot inhoud wat van belang en relevant tot die lede en bedryfbelanghebbendes is.

BEHANDELDE HOUTAFVAL

SAWPA het weens 'n mate van onsekerheid en weersprekende opinies oor die korrekte klassifikasie van behandelde houtafval met kundiges soos INFOTOX en ENSAfrica geskakel. Daar bestaan konsensus dat na gelang van 'n wetenskaplike oorsig en studie deur INFOTOX, en konsultasie met ENSAfrica oor die regsaspek, daar bepaal en bevestig is dat SAWPA se vorige opinie oor behandelde houtafval wel as algemene afval gesien word. Dit beteken dat indien finale verwydering as afval die laaste oorweging is, dan kan dit op algemene munisipale stortings terreine gedoen word.

Die afhandeling van die oorsig kon nie op 'n beter tyd gekom het nie, aangesien ons pas 'n navraag van die Wes-Kaap Regering se Departement Afvalbestuur en Beplanning ontvang het rakende behandeldehoutafval. Hulle is in die proses om 'n status quo verslag op te stel oor gevaarlike afval met die fokus op die afval strome wat as problematies geïdentifiseer is. Die departement het SAWPA versoek om inligting in te dien oor die bestuur en verwydering van behandelde houtafval. Ons is tans in die proses om met die hulp van INFOTOX en ENSAfrica 'n formele verslag saam te stel.

VOGGEHALTE VAN GESAAGDE HOUT VOOR BEHANDELING

Dit het onder ons aandag gekom dat varsgesaagde dennehout, wat nie geproduseer of gegradeer is onder enige SANS spesifikasie bv. SANS 1783-2 nie, teen 'n hoër voggehalte as in SANS 10005 en SANS 1288 voorgeskryf, behandel word. Dit wil lyk of dit veral gebeur waar derde partye (kliënte) hulle eie gesaagde hout na aanlegte bring vir behandeling. Ons vra ons lede om nie mee te maak aan die praktyk nie, aangesien dit in teenstelling is met SANS 1288 en ook VC 9092 en moontlike ongewenste implikasies inhou. Die hout mag slegs behandel word nadat dit die voorgeskrewe vog-vlak bereik het

SANS 1288 spesifiseer dat die voggehalte van gesaagde hout nie die maksimum waarde soos in SANS 10005 aanbeveel, mag oorskry nie. SANS 10005 toon aan dat waar drogingsdefekte soos kromtrek en barste kritiek is, dit aanbeveel word dat die vog nie 170 g/kg vir klas O en 280 g/kg vir klas C en W verduursamingsmiddels oorskry nie.

VORDERINGSVERSLAG – NAVORSING DEUR UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Bruce en Willie Conradie van Timberlife, wat die SAWPA uitvoerende komitee en chemiese forum verteenwoordig t.o.v. die navorsingsprojek, het onlangs 'n oorsigvorderingsvergadering by Stellenbosch bygewoon. 'n Aanbieding is deur die MSc-student verantwoordelik vir die projek aangebied, waartydens daar gerapporteer is dat die voorbereiding van die monsters vir die verskeie toetse, afgehandel is. Sommige van die fisiese aspekte waarna daar gekyk word, het ook ver gevorder. 'n Interimverslag wat gedetailleerde resultate t.o.v. eucalyptussaphoutwaardes, digthede en ook tannieninhoud in pale van 50 tot 150 mm sal aandui, sal teen einde Augustus/September beskikbaar wees. Teen daardie tyd sal die monsters wat verskeie retensie vlakke vir die verottingswamtoetse insluit ook in proses wees. Die toetse sal volgens beplanning teen April 2017 resultate lewer.

Terwyl die studie aan die gang is, het ons ook waardevolle inligting van kundiges uit Australië ontvang t.o.v. 'n soortgelyke situasie wat hulle etlike jare gelede ondervind het. Hulle bevindinge en daaropvolgende wysigings aan die AS spesifikasies, is van onskatbare waarde en sal saam met die resultate van die Stellenbosch-projek help om beter kwaliteitstandaarde in die SANS spesifikasies daar te stel.

HERSIENING VAN SANS BEHANDELINGSTANDAARDE

Lede sal onthou dat tydens die streekvergaderings in Februarie vanjaar, daar melding gemaak is van die beplande hersiening van alle SANS spesifikasies te make met houtbehandelingsvereistes. Die hersiening het ten doel om van alle onnodige duplisering van prestasievereistes en verkeerde en onnodige interpretasies ontslae te raak, en ook om die dele wat die algemene begrip van die spesifikasies deur die bedryf en belanghebbendes kompliseer, te vereenvoudig. In lyn met die besluit op 19 April deur die SABS tegniese komitee geneem, is 'n werkgroep gestig om na die herskrewe konsepdokumente te kyk en met aanvaarbare konsepstandaarde vorendag te kom sodat die TC daarop kan stem en kommentaar lewer. Bruce Breedt is aangewys vir die taak om die konsep dokumente te ontwikkel. Dit sal op die 25ste Julie aan die werkgroep voorgelê word vir verdere insette en voorstelle.

HERSIENE BOSBOUSEKTORHANDVES

Tydens die onlangse FSCC vergadering waar Bruce teenwoordig was, is daar deur n beampte van Handel en Nywerheid gemeld dat die hersiene kodes vir bosboutransformasie teen einde Augustus of September afgehandel wees. Dit sal beteken dat die nuwe kodes, soos per die aangekondigde datum in die Staatskoerant, die vorige kodes sal vervang. Alle entiteite in die bosbousektor, ingesluit saagmeulens en paalbehandelingsaanlegte, sal dan teen die nuwe kodes gemeet word.

NUUSBROKKIES

- Vanaf die 28^{ste} tot 31^{ste} Julie sal SAWPA by die Homemakers Fair-skou in PE wees. Die skou vind plaas by die Boardwalk Uitstalsentrum en is gemik op die algemene publiek en huiseienaar, Dit is 'n verlenging van soortgelyke skoue wat SAWPA in 2015 in JHB en Kaapstad bygewoon het. Die doel is om die huiseienaar te bereik en bekend te stel aan die kenmerke en wye gebruike van behandelde hout in en om die huis.
- SAWPA stal ook weer by die Cape Construction Expo uit wat op 11 en 12 Augustus 2016 by die CTICC in Kaapstad gehou word. Vir komplimentêre toegang kan lede die aangehegte E-kaartjie uitdruk en saam neem vir registrasie by die skou, of alternatiewelik kan u vooraf registreer deur die skakel op die aangehegte e-kaartjie te gebruik.
- Ons het ook komplimentêre kaartjies beskikbaar vir lede wat die Interbuild-skou (Wood World) wil bywoon. Die skou vind vanaf die 17de tot die 20ste Augustus by Nasrec in JHB plaas, waar SAWPA ook sal uitstal. Belangetellendes vind aangeheg die elektronies kaartjie.
- Bruce sal by beide die Cape Construction Expo en Interbuild (Wood World) 'n praatjie tydens werkswinkels lewer. Die praatjie handel oor houtvernietigende faktore, duursaamheid en verduursaming, en is daarop gemik om die boukontrakteurs en professionele persone in die boubedryf in te lig.
- SAWPA KALENDERFOTOKOMPETIESIE! Elke jaar versprei SAWPA 'n jaarkalender wat goed ontvang word. Indien u enige hoë resolusie foto's het wat behandeldehout uitstal en jy dink dit sal 'n mooi kalenderfoto uitmaak kan u dit gerus aan ons stuur by sawpa@global.co.za.
- 'n Interessante artikel oor n \$60 mil mega saagmeule gebou uit hout en getiteld "A sight for SAW eyes" is aangeheg vir u leesgenot.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.